# Kampvuur KEKKEL

**hou KOERS!**

**WWW.VOORTREKKERS.CO.ZA**



## 'n Nuwe jaar, 'n nuwe geleentheid – en 'n fees om te vier

Met groot opwinding sien ons uit na 2026 – 'n nuwe Voortrekkerjaar vol geleenthede, groei en betekenisvolle oomblikke. Hierdie jaar is egter ekstra besonders, want Die Voortrekkers vier 95 jaar van erfenis, diens en vorming. Dit is 'n jaar van dankbaarheid, herinneringe én feesviering.

Ons jaartema vir 2026, Voortrekkers as ligdraers in die wêreld, nooi ons om ligdraers op 'n vars en dieper manier te wees. Oor 95 jaar heen het Voortrekkers hul lig gedra van geslag tot geslag. In 2026 bou ons verder aan hierdie nalatenskap. Soms is dit 'n sagte lig van hoop, ander kere 'n standvastige lig van waarheid en moed. Hierdie feesjaar herinner ons daaraan dat elkeen se lig saak maak.
Ons nooi elke lid en vriend uit om nou reeds vir 2026 te registreer en deel te wees van 'n jaar wat nie net vorentoe kyk nie, maar ook met trots terugkyk.

Kom vier saam met ons 95 jaar van Voortrekkers – en stap die nuwe jaar binne as ligdraers met doel.

## Singjaar 2026 - daar's musiek in ons voete!

Voortrekkers, hou julle ore oop en julle harte gereed. Hierdie jaar gaan ons nie net praat oor ligdraers wees nie... ons gaan sing soos ligdraers! Ons feesjaarlied vir 2026 is beskikbaar gestel en is nou op Spotify, Apple Music en YouTube! Klik hier en vind ons liedjie wat jy onmiddellik kan luister, aflaai en saam sing.

YouTube (of soek: Ligdraers)

Maak gereed om die dakke hierdie jaar te laat lig met splinternuwe Voortrekkerliedjies, ou liedjies met 'n nuwe baadjie en hulpmiddels om dit makliker te maak om te sing. Indien enigiemand rondloop met 'n lied in die hart wat tot Voortrekkers spreek, kontak ons gerus by bemarking@voortrekkers.co.za - ons wil jou musiek deel maak van ons saamsing liedjieskatte.
Wanneer ons saam sing, versprei ons lig - dit maak harte warm en voete vrolik.
Laat musiek ons stem wees en laat ons klanke lig, hoop en samehorigheid in elke Voortrekker se dag bring.

## NEEM KENNIS

**REGISTREER hier!**

Die eerste omsendbrief vir 2026 sal na die hoofdagbestuursvergadering van 30-31 Januarie 2026 uitgestuur word.

Zoom-opleiding vir offisiere: 29 Januarie en 26 Februarie.

Eerste betaling van lidmaatskapsfooie by HK: Vrydag 27 Februarie.

Januarie 2026

VOORTREKKERS AS LIGDRAERS IN DIE WÊRELD

Kampvuur KEKKEL

# Januarie Ligdraers

## Projek Ligpunt

Ons 2026-projek fokus op gestremdhede en nooi Voortrekkers reg oor die wêreld om met empatie, begrip en daadwerklike betrokkenheid op te tree. Hierdie projek gee rigting aan hoe ons as Voortrekkers ondersteun, bemagtig en hoop bring.

Deur die projek word Voortrekkers aangemoedig om:

- Gemeenskapsprojekte aan te pak wat gestremdes ondersteun en bemagtig;
- Fondse in te samel vir organisasies wat met toewyding versorg en hoop bring;
- Ambassadeurs van lig te identifiseer – mense wat, ten spyte van uitdagings, die wêreld met moed en geloof verhelder;
- Praktiese stappe te deel oor hoe elkeen 'n verskil kan maak by die skool, in die kerk, by die werk en by die huis.

👉 Klik op die embleem hierbo vir meer inligting:

Ons hoor graag wat julle beplan. Deel julle idees en projekte met ons by bemarking@voortrekkers.co.za.
Saam kan ons lig dra waar dit die nodigste is.

## Hier is hulp!

Ons almal weet hoe waardevol dit is om 'n praktiese hulpmiddel byderhand te hê wanneer 'n spanaktiwiteit aangebied word. In die biblioteek op die webblad is daar reeds 'n verskeidenheid uitstekende hulpmiddels beskikbaar.
Vanjaar wil KampvuurKEKKEL graag nóg hulpmiddels byvoeg om spanwerk en leer te ondersteun. Loer gerus na hierdie oulike nuwe hulpmiddel wat jeuglede help om meer te leer oor al ons gebiedswapens. Klik op die foto en laai dit gratis af.




## Weet jy wat is waar?

Ons kry gereeld navrae oor waar om dokumente en grafiese inligting te kry. Kom ons kyk wie ken die biblioteek op die webblad die beste. Voltooi hierdie vasvra vir die pret en toets jou kennis.


Klik hier:

## 'n Feesjaarkookboek

Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat Die Voortrekkers 'n tweede kookboek gaan saamstel. Die eerste kookboek, "Voortrekkers KOOK", het gefokus op grootmaat-resepte vir kampe. Die nuwe kookboek fokus op resepte vir spanne. Hier kyk ons na lekker resepte wat spanne tydens spankampe en -byeenkomste maak, maar ook resepte vir die aanbied van koskentekens (spesialisasies) bv. Veldkook, Kamplewe, Onthaalkuns ens. Die resepteboek gaan tydens die viering van Die Voortrekkers se 95ste bestaansjaar bekendgestel word. Stuur resepte per e-pos aan kookboek@voortrekkers.co.za. Voortrekkers is ook welkom om idees vir eetbare hulpmiddels om graadwielwerk aan te bied, te stuur. Die sperdatum vir resepte is 27 Maart 2026. Dit sal baie gaaf wees as daar 'n storie by elke resep is.

## Doen jou deel - help ons bemark

Jy kan 'n groot verskil maak deur 'n Afrikaanse gradering ("rating") op ons Facebook-blad te gee. Hoe meer positiewe graderings ons ontvang, hoe groter is ons sigbaarheid en hoe makliker bereik ons nuwe lede en ondersteuners. Jou ondersteuning help om die Voortrekkergees verder uit te dra.



Klik op die skerm en doen dit sommer nou.

## Kode 4 – 'n Voortrekker het respek vir ander mense

Respek is een van die kernwaardes van Die Voortrekkers. Kode 4 herinner ons dat 'n Voortrekker ander mense met waardigheid, begrip en vriendelikheid behandel – ongeag verskille. Respek wys in hoe ons praat, luister en optree teenoor mekaar, by die huis, by die skool en in ons gemeenskappe.
Deur met respek te leef, bou ons sterker verhoudings en dra ons by tot 'n samelewing waarin almal waardeer voel. 'n Voortrekker leef met respek – elke dag, oral waar hy of sy gaan.

## Het jy geweet?

By formele drag word daar van dames verwag om nie sandale te dra nie. Netjies gepoleerde, toe en bypassende skoene vorm deel van die korrekte voorkoms en dra by tot eenvormigheid by formele geleenthede. Swart of donkerblou skoene is geskik.

